



PSG GROEP BEPERK

RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2013

- ▶ **SOM-VAN-DIE-DELE-WAARDE** van **R85,03** per aandeel soos op 4 Oktober 2013
- ▶ **WESENSVERDIENSTE** styg met **14%** tot **239** sent per aandeel
- ▶ **HERHALENDE WESENSVERDIENSTE** styg met **20%** tot **194,3** sent per aandeel
- ▶ **TUSSENTYDSE DIVIDEND** van **43** sent per aandeel

PSG RESULTATE KOMMENTAAR

PSG Groep Bpk (PSG) is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig in die industrie soos finansiële dienste, bankwese, privaate ekwiteit, landbou en onderwys. PSG se markkapitalisasie is ongeveer R15,4mjd, en sy grootste belegging is 'n belang van 28,3% in Capitec.

PRESTASIE

Ons is van mening dat prestasie gemeet moet word aan die opbrengs wat 'n belegger oor 'n tydperk ontvang, met 'n spesifieke fokus op welvaartskepping per aandeel. Ons stremme is steeds om deurentyd welvaart vir alle belanghebbende te skep.

Wanneer PSG se prestasie oor die lang termyn geëvalueer word, is die indeks van totale opbrengste (ITO) die belangrikste maatstaf. Die ITO is die saamgestelde jaarlikse groei (SJK) van 'n belegging, en word bereken met inagneming van aandeelprysgroei, dividende en ander uitkerings. Dit is 'n betroubare maatstaf van welvaartskepping en vir die vergelyking van verskillende maatskappye. PSG se ITO is 50,4%, die hoogste van enige JSE-genoteerde maatskappye oor die 18-jaar tydperk sedert PSG se ontstaan in November 1995.

Wanneer PSG se prestasie oor die kort tot medium termyn geëvalueer word, fokus ons op die groei in PSG se som-van-die-dele (SVDD)-waarde per aandeel en herhalende wesensverdiens per aandeel. Die geskiedenis bevestig dat PSG se aandeelprys sy SVDD-waarde per aandeel volg. Positiewe groei in PSG se SVDD-waarde per aandeel lei dus noodwendig tot aandeelprysgroei. 'n Styging in PSG se SVDD-waarde per aandeel oor die lang termyn is egter uiteindelik afhanklik van volgehoue groei in die winsgewendheid van die onderliggende beleggings. Daarom gebruik PSG die konsep van herhalende wesensverdiens per aandeel om aan bestuur en beleggers 'n meer realistiese en deursigtige manier te gee om PSG se verdiensteprestasie te beoordeel.

RESULTATE

PSG het 'n bevredigende ses maande tot 31 Augustus 2013 gehad, met redelike groei in beide sy SVDD-waarde en herhalende wesensverdiens per aandeel.

SVDD

Die berekening van die SVDD-waarde is eenvoudig en vereis beperkte subjektiewiteit, aangesien ongeveer 82% van die waarde bereken word deur genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl die ongenoteerde beleggings met behulp van markverwante veelvoude gewaardeer word. Op 31 Augustus 2013 was die SVDD-waarde per aandeel R79,20 (28 Februarie 2013: R72,67), wat gelyk is aan 'n SJK van 29% oor die afgelope drie jaar. Op 4 Oktober 2013 was die SVDD-waarde R85,03 per aandeel.

	28 Feb 2011	29 Feb 2012	28 Feb 2013	31 Aug 2013	% van totaal
Bate/Las	Rm	Rm	Rm	Rm	
Capitec*	5 138	5 978	6 128	6 030	34,8
Curro Holdings*		1 118	2 607	3 341	19,3
PSG Konsult**	1 206	1 483	2 237	2 797	15,9
Zeder*	1 069	1 067	1 412	1 694	9,8
PSG Private Equity†	1 242	728	681	701	4,0
Thembeke Capital†		570	899	964	5,6
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)††	350	338	383	383	2,2
Ander beleggings (kontant ingesluit)††	548	684	1 505	1 466	8,4
Totale bates	9 553	11 966	15 852	17 326	100,0
Ewigdurende voorkeuraandeelbestedings*	(1 028)	(1 188)	(1 163)	(1 419)	
Ander skuld††	(507)	(463)	(845)	(869)	
Totale SVDD-waarde	8 018	10 315	13 844	15 038	

Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	171,3	184,5	190,5	189,9
SVDD-waarde per aandeel (rand)	46,81	55,92	72,67	79,20
Netto batewaarde per aandeel (rand)	21,56	26,50	32,62	34,41

* Genoteer op die JSE Bpk ** Oor-die-toonbank † SVDD-waarde †† Waardasie

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig	Ses maande geëindig	31 Aug 2013	31 Aug 2013
Herhalende wesensverdiens	Rm	Rm	%	Rm
Capitec	499,9	226,3	21	274,8
Curro Holdings	8,1	(2,0)	nvt	7,8
PSG Konsult	118,8	51,8	36	70,4
Zeder	106,6	35,3	8	38,2
PSG Private Equity	75,0	35,2	(26)	25,9
Thembeke Capital	25,9	5,5	51	8,3
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)	18,9	3,1	(32)	2,1
Ander	30,8	20,7	(24)	15,7
Herhalende wesensverdiens voor befonding	883,1	375,9	18	443,2
Befonding	(168,2)	(82,1)	7	(87,5)
Herhalende wesensverdiens	714,9	293,8	21	355,7
Nie-herhalende items	160,1	86,1	(5)	81,9
Wesensverdiens	875,0	379,9	15	437,6
Nie-wesensitems	264,8	(64,8)	nvt	13,1
Toeskryfbare verdienste	1 139,8	315,1	43	450,7
Gewegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	182,2	180,8		183,1
Verdiens per aandeel (sent)				
- Herhalende wesens-	392,3	162,5	19,6	194,3
- Wesens-	480,2	210,2	13,7	239,0
- Toeskryfbare	625,5	174,3	41,3	246,2
Dividend per aandeel (sent)	111,0	33,0	30,3	43,0

Herhalende wesensverdiens vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2013 het met 19,6% tot 194,3 sent per aandeel gestyg. Die groei was hoofsaaklik toeskryfbaar aan sterk prestasie deur Capitec en PSG Konsult, terwyl die meerderheid van die ander beleggings ook beter verdienste rapporteer het.

Wesensverdiens het met 13,7% tot 239,0 sent per aandeel gestyg. Wesensverdiens per aandeel het met 'n kleiner marge gestyg as herhalende wesensverdiens per aandeel aangesien PSG gedurende die oorsigtydperk baie nie-herhalende wesenswins behaal het. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die beduidende likewoerd-wins wat gedurende die vorige ooreenstemmende finansiële tydperk in Thembeke se portefeulje genoteerde aandele aangeteken is, nie in dieselfde mate in die oorsigtydperk herhaal is nie.

Toeskryfbare verdienste het met 41,3% tot 246,2 sent per aandeel gestyg, hoofsaaklik as gevolg van nie-wesenswins gedurende die oorsigtydperk, teenoor nie-wesens-waardedalingsverliese gedurende die vorige ooreenstemmende finansiële tydperk.

Bedryfswins voor finansieringsbediening en belasting het met 53% tot R873m gestyg, hoofsaaklik as gevolg van vooraf genoemde verbeterde prestasie van ons onderliggende beleggings en die eerste konsolidasie van sekere filiale waarin 'n behorende belang die afgelope 12 maande verkry is.

PROJEK INTERNE FOKUS

In April vanjaar het PSG sy nuutste strategie, Projek Interne Fokus, aan die mark gekommunikeer. PSG se beleggingsportefeulje bevat 'n gesonde balans gevestigde en nuwe ondernemings,

wat almal aantreklike groeipotensiaal bied. Die meeste van PSG se grootste suksesverhale is ondernemings wat of deur om in samewerking met PSG begin is. Capitec, PSG Konsult en Zeder is almal voorbeelde daarvan. Die maksimum waarde te verkry het ons formeel beslag gegee aan Projek Interne Fokus, 'n strategie wat behels dat ons hoofsaaklik fokus op die optimisering, verfyning en groei van PSG se bestaande beleggingsportefeulje.

Capitec is 'n goeie voorbeeld van 'n vestigende besigheid wat beperkte aandag van PSG se bestuur verg. Die bank het tot dusver groot sukses behaal met eksponensiele groei in wesensverdiens per aandeel sedert sy stigting in 2001. Capitec gee steeds aan PSG 'n sterk verdienstebasis om te benut. Daarenteen verg beleggings wat in 'n ontwikkelingsfase is, soos Curro en Chayton, meer aktiewe strategieë insette vanaf PSG. Hierdie maatskappye sal waarskynlik nuwe besigheidsdruke ondervind terwyl hulle uitbrei, en sal eers in later jare 'n bydrae tot PSG se verdienste begin lewer. Soos verwag is, sal dit aanvanklik 'n negatiewe uitwerking op PSG se verdienste en dividendgroei hê aangesien die gepaardgaande befondingskoste van die belegging meer is as die dividingsopbrengs wat uit 'n verdienste- en kontantvloei-ooppunt behaal word. Desondanks het Curro reeds 'n beduidende positiewe bydrae tot PSG se SVDD-waarde gelever met die aansienlike styging in sy aandeelprys sedert notering op die JSE gedurende 2011.

Projek Interne Fokus in aksie

Die pogings om die sakestrategie van elke belegging in die groep te hersien en, indien nodig, te herformuleer, toon belofte. Elke onderliggende besigheid het nou 'n hersiene strategieë plan en 'n winsbegroting vir die volgende paar jaar opgestel, en die onlangs aangestelde opvolger uitvoerende hoofde by sommige van ons groter beleggings het reeds 'n positiewe bydrae tot die toekomstige sukses van daardie ondernemings gelever.

CAPITEC (28,3%)

Capitec het te midde van strawwe toestande in die ongesekere kredietmark volgehoue groei en prestasie behaal, met 'n styging van 20% in wesensverdiens per aandeel gedurende die ses maande tot 31 Augustus 2013. Dit bly 'n besonder goeie bestuurde besigheid wat na ons wete die mees konserwatiewe benadering in die bedryf volg rakende befonding, kredietkriteria en voorsieningsbeleid. Hy is goed gekapitaliseer met 'n kapitaaltoereikendheidsverhouding van 39%. Capitec raak minder afhanklik van inkomste uit lenings, terwyl netto inkomste uit transaksiefoonnie steeds skerp styg. Hierdie bedrag het gedurende die oorsigtydperk met 54% tot R899m toegeneem en dek nou 55% van bedryfsuitgawes, vergeleke met 45% soos op 28 Februarie 2013.

Riaan Stassen, uitvoerende hoof van Capitec, het onlangs sy aftrede later vanjaar aangekondig. Ons dank Riaan vir sy toewyding en die groot rol wat hy as leier en innoveerder gespeel het om Capitec te help groei tot die huidige besigheid. Ons sien uit na Riaan se voortgesette bydrae as nie-uitvoerende direkteur op die raad van Capitec. PSG verwelkom Gerrie Fourie as die nuwe uitvoerende hoof en wens hom en die res van die bestuurspan alles van die beste toe met hul taak.

Ons bly positief oor Capitec, sy besigheid en sy bestuur en ons glo hierdie belegging sal nog baie jare 'n beduidende bydrae tot PSG se toekomstige sukses lewer.

Capitec se omvattende resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2013 is beskikbaar by www.capitec.co.za.

CURRO HOLDINGS (57,1%)

Curro het onlangs 15 jaar oud geword. Met die ondersteuning van PSG sedert 2009 is hulle nou die grootste privaatkool-maatskappy in Suid-Afrika. Hulle spog met 21 908 (2012: 12 473) leerders op 26 (2012: 22) kampusse.

Vir die ses maande tot 30 Junie 2013 het Curro 'n toename van 91% in omset tot R309m en wesenswins van R14m gerapporteer, vergeleke met 'n wesensverlies van R3m in die vorige tydperk. Aggressiewe uitbreiding sal oor die kort termyn steeds 'n negatiewe uitwerking op wins hê, maar behoort oor die medium tot lang termyn verblydende resultate te lewer wanneer die kapasiteit wat geskep is deur 'n groter getal nuwe leerders benut word.

Met die onderkewre ondersteuning van PSG het Curro in Mei vanjaar R605m kontant by wyse van 'n regte-uitgifte verkry. Hierdie kapitaal sal belê word in die uitbreiding van bestaande kampusse asook die byvoeging van vyf nuwe skole in die 2014-jaar. In die ses maande onder oorsig het Curro suksesvol twee beduidende strategieë verkrygings afgehandel:

- 'n Onderwysopleidingskollege wat die maatskappy se bronne van mensekapitaal sal uitbrei.
- Die Northern Academy, 'n skool met 4 300 leerders, wat die ruggraat van die Meridian-gemeenskapskool-afdeling vorm.

Curro se stroom geleenthede het nou en PSG ondersteun die maatskappy die maatskappy ten volle om 80 skole teen die jaar 2020 te hê.

Curro se omvattende resultate vir die ses maande geëindig 30 Junie 2013 is beskikbaar by www.curro.co.za.

PSG KONSULT (64,8%)

PSG Konsult het onder leiding van Francois Gouws as nuwe uitvoerende hoof sy fokus opnuut op drie afsonderlike sakesegmente toegespeits: Welvaart, Batebestuur en Versekering. Uitstekende resultate is vir die ses maande tot 31 Augustus 2013 behaal, met 'n styging van 31% in herhalende wesensverdiens per aandeel.

Die Batebestuur-segment se bates onder bestuur en administrasie het beduidend toegeneem, danksy 'n sterk invloed van fondse en hoër markwaardes as gevolg van gunstige beleggingsmarktoestande. Ondanks moeilike onderskrywingsmarktoestande wat tans ondervind word, het die Versekering-segment baie gevind by bestuur se pogings om vertikale integrasie te verbeter en sinergieë te benut wat die korttermynversekeringslisensie en kundigheid aan PSG bied. Dit het tot beter dienslewering en produkte vir sy klientebasis geleid. Die Welvaart-segment het ook gebaat by 'n positiewe invloed van kliënte, groter handelsaktiwiteit onder kliënte en gunstige marktoestande oor die algemeen.

'n Sleutelvoordeel van PSG Konsult is die diepte en gehalte van sy finansiële adviseurs. In 'n komplekse finansiële omgewing is die gehalteadvies van PSG Konsult lewer in staat om aan kliënte 'n duidelike mededingende voorsprong te gee wat hul finansiële marktoestand help beskerm, bewaar en laat groei. PSG Konsult wil voortgaan om sy adviespraktieke uit te brei.

Die Batebestuur-span het deurgaans topkwartiel-beleggingsopbrengste behaal deur in beide plaaslike en internasionale sekuriteite te belê. Die strategie is om bewustheid van sy handelsmerk te verhoog en aktief op beide institusionele en kleinhandelkliënte te fokus. PSG Batebestuur het die afgelope ses maande beduidende vordering gemaak om die besigheid as 'n geloofwaardige alternatief tot party van die groter spelers te posisioneer.

PSG Konsult se strategie vorentoe sal wees om volhoubare groei van die besigheid en wins te verseker deur onder meer die volgende:

- PSG Konsult as 'n volkskaalse finansiële diensverskaffer te posisioneer wat 'n omvattende reeks dienste en produkte lewer.
- Die sinergieë wat tussen sakesegmente bestaan te optimaliseer om verdere geleenthede vir sakeontwikkeling te skep.
- PSG Konsult se aandeel in die waardeketting uit te brei en veral die batebestuur- en korttermynversekeringssegmente uit te brei.

PSG Konsult se omvattende resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2013 is beskikbaar by www.psg.co.za.

ZEDER (42,6%)

Zeder is 'n belegger in die breë landboubedryf, met 'n spesifieke fokus op die voedsel- en dranksektor. Die waarde van die maatskappy se onderliggende portefeulje beleggings is soos op 31 Augustus 2013 het R4,36mjd (R4,74mjd op 'n deursigtige grondslag) bedra. Agri Voedsel (met sy belang van 30,5% in Pioneer Voedsel) bly 'n groot en strategiese belegging, wat 39,2% van die portefeulje uitmaak. Gedurende die ses maande onder oorsig het Zeder 'n verdere R469,4m belê, waarvan R353,3m vir 'n groter belang in Capespan was.

Zeder se SVDD-waarde per aandeel het met 8,8% tot R4,34 gestyg sedert 28 Februarie 2013. Zeder se deursigtige SVDD-waarde per aandeel - wat op presies dieselfde grondslag bereken word behalwe dat die deursigtige JSE-genoteerde markprys van Pioneer Voedsel in plaas van Agri Voedsel se eie toonbank-aandeelprys gebruik word - het sedert Februarie 2013 met 8,7% tot R4,73 gestyg. Teen die einde van besigheid op Vrydag, 4 Oktober 2013, was Zeder se SVDD- en deursigtige SVDD-waarde per aandeel onderskeidelik R4,53 en R4,99.

Herhalende wesensverdiens per aandeel het met 8,2% tot 9,2 sent gestyg, hoofsaaklik danksy die beter bydrae van Capespan, Zaad en Curro Agri gedurende die oorsigtydperk. Die positiewe uitwerking hiervan is egter in 'n mate teengewerk deur:

- Die kontantopbrengs met die verkoop van die meeste van Zeder se aandele in Capevin Beherend, wat 'n laer opbrengs gelewer het as die belegging in Capevin Beherend in die vergelykende tydperk.
- Die belegging in Chayton, 'n nuwe onderneming in sy ontwikkelingsfase, wat soos verwag 'n verlies getoon het, terwyl droogtoestande die prestasie van NWK en Suidwes nadelig beïnvloed het. Sedert 31 Augustus 2013 is NWK en Suidwes vir 'n totale kontantopbreng van R325m verkoop.

Wesensverdiens per aandeel het met 25,4% tot 7,4 sent gestyg. Die vooraf genoemde styging stem met 'n daling in eenmalige koste wat gedurende die oorsigtydperk deur onderliggende maatskappye aangegaan is, het gesorg vir die hoër wesensverdiens per aandeel.

Zeder het oor die afgelope 12 maande 'n gewysigde strategie aan die mark gekommunikeer. Die maatskappye soek groter, strategiese belange in entiteite wat hom in staat stel om 'n meer aktiewe rol in sy portefeulje onderliggende maatskappye te speel en te help met die bepaling van toepaslike langtermynstrategieë om sodoende die onderskeie ondernemings uit te brei. Beduidende vordering is hiermee gemaak, soos blyk uit die beleggings in Zaad, Chayton en Capespan. Zeder is aktief betrokke by sy bestaande portefeulje maatskappye, terwyl hy deurentyd nuwe geleenthede soek, en hy bly optimisties oor die sektor.

Zeder se omvattende resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2013 is beskikbaar by www.zeder.co.za.

PSG PRIVATE EQUITY (100%)

Bestuur bly optimisties oor die verdienstegroepotensiaal van PSG Private Equity se portefeulje van ondernemings wat oor verskeie industrieë versprei is en in verskillende ontwikkelingsfasies is.

Nuwe ondernemings met opwindende vooruitsigte, soos Impak (afstandonderrig) en Energy Partners (energieoeltoerusting-oplossings) belê tans vir toekomstige groei en verg insette van PSG se bestuur. Die groter, meer wassende beleggings het duidelike groei-strategieë in plaas van vorentoe beter verdienste te lewer.

THEMBEKA CAPITAL (49%)

Thembeke is 'n beleggingsmaatskappy in swart besit en beheer. Sy portefeulje ten bedrae van R2,49mjd sluit beleggings in Pioneer Voedsel, Capitec, PSG, Curro, MTN Zakhele, Kaap Agri en Overberg Agri in.

Gedurende die ses maande tot 31 Augustus 2013 het:

- Thembeke se netto intrinsieke waarde (na kapitaalwinstbelasting) met 21% tot R1,62mjd gestyg.
- Sy herhalende wesensverdiens met 38% tot R40m gestyg.
- Hy 'n verdere R54m in Curro belê in terme van die vooraf genoemde regte-uitgifte gedurende Mei 2013.

Thembeke bly 'n uitsonderlike SEB-suksesverhaal en onder leiding van KK Combi het die maatskappy sy intrinsieke waarde (na kapitaalwinstbelasting) oor die afgelope 7,5 jaar met 46% jaar op jaar verhoog. Thembeke het 'n portefeulje uit kwaliteits beleggings bestaan en glo dat volgehoue groei van die onderliggende maatskappye in die toekomstige portefeulje-opbrengste sal lewer.

Thembeke se omvattende resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2013 is beskikbaar by www.thembekacapital.co.za.

VOORTSIKTIGE

PSG is bedrywig in verskeie uiteenlopende industrieë, waarvan die prestasie nie altyd korreleer nie. Hoewel dit moeilik is om die toekoms te voorspel, bly ons optimisties en oortuig dat ons strategie sal aanhou om voortreflike opbrengste vir aandeelhouders te lewer.

DIVIDENDE

Gewone aandele

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteur het besluit om 'n bruto tussentydse dividend van 43 sent (2012: 33 sent) per aandeel te verklaar.

Die maatskappy sal sekondêre belasting op maatskappy-krediete ten bedrae van 16,9 sent per gewone aandeel aanwend, met die gevolg dat die belasbare dividend per aandeel 26,1 sent per aandeel sal beloop. Die dividendbedrag na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15% is dus 39,085 sent per aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrystel is nie. Die aantal gewone uitgereikte aandele op die verklaringsdatum is 207 589 426, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums van hierdie dividenduitkering is:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Vrydag, 1 November 2013
Verhandeling sonder dividend begin	Maandag, 4 November 2013
Rekorddatum	Vrydag, 8 November 2013
Betaaldatum	Maandag, 11 November 2013

Aandelsertifikaat mag nie tussen Maandag, 4 November 2013, en Vrydag, 8 November 2013, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Voorrekaanale

Die direkteur van PSG Financial Services Bpk het 'n dividend van 357,06 sent per aandeel ten opsigte van die kumulatiewe, nie-aflosbare, nie-winsdelende voorrekaanale verklaar vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2013, welke dividend op 30 September 2013 betaal is. Die volledige aankondiging hieroor is op die Sekuriteitebeursnuusdiens (SENS) vrystel.

ONGEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie aankondiging is SENS 'n opsomming van die volledige aankondiging wat op Maandag, 14 Oktober 2013, op SENS vrystel is, en is die verantwoordelike uit die direkteur. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by www.psggroup.co.za of kan gedurende die kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouders moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrystel is.

Namens die direkteur

Jannie Mouton Voorsitter	Wynand Greeff Finansiële direkteur
14 Oktober 2013 Stellenbosch	



PSG GROEP BEPERK

Registrasienommer 1970/008484/06 JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE00013017

PSG FINANSIËLE DIENSTE BEPERK

Registrasienommer 1919/000478/06 JSE-aandelekode: PGFP ISIN-kode: ZAE000096079